Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

LES 15: DIE ONDERHOUD VAN DIE TABERNAKEL

TABERNAKEL

1. Die aardse tabernakel is 'n afbeelding ("skaduwee") van die ware tabernakel van YHVH in die hemel (Heb. 8:2). Ons weet ook dat die tabernakel 'n heenwysing en afbeelding van Yeshua Messias en van Sy Koninkryk is, en dus ook 'n afbeelding is van die lewenswyse van elkeen wat deur geloof in die versoeningswerk van Messias met YHVH versoen is.

2. Deur geloof in Yeshua Messias as die eenmalige offer, het elkeen nou 'n lewende tabernakel (tempel) geword wat deur die Gees van YHVH bewoon word.

   Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle. 1 Kor. 3:16 en 17.

   Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Afgesonderde Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? 1 Kor. 6:19

   Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. 2 Kor. 6:16

3. Streng voorskrifte het bestaan vir die onderhoud (instandhouding) van die aardse tabernakel en die protokol wat gevolg moes word wanneer dienswerk verrig was. Die priesters was deeglik onderrig om die taak van onderhoud en dienswerk tot die fynste detail volgens YHVH se voorskrifte uit te voer.

4. Ons weet dat Nadab en Abihu gesterf het toe hulle vreemde vuur voor die aangesig van YHVH gebring het, naamlik dit wat Hy hulle nie beveel het nie (Lev. 10:1 en 2). Hulle het die onheilige met die heilige gemeng en dit

wat volgens hulle eie oordeel ‘n aanvaarbare offer was voor die aangesig van YHVH gebring. Hulle het YHVH se instruksie dat dit wat rein (heilig) is nie met dit wat onrein (onheilig) is, gemeng mag word nie, verontagsaam en het onmiddelik gesterf. Beide Nadab en Abihu se optrede was nie weens ‘n gebrek aan kennis nie, maar was ‘n hartsgesindheid van dit wat hulle besluit het aanvaarbaar is versus dit wat YHVH beveel het. Dit was dus ‘n geval van ongehoorsaamheid! Beide wou hulle eie geregtigheid oprig en het YHVH se geregtigheid geminag (Rom. 10:3).

5. Ongehoorsaamheid word nie in YHVH se teenwoordigheid geduld nie, asook nie ‘n wederstrewige- en godsdienstige gees nie. Gedeeltelike gehoorsaamheid bly steeds ongehoorsaamheid en goeie bedoelings is nie ‘n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie (1 Sam. 15:22 en 23). As koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9) moet ons die heiligheid van YHVH weerspiëel. Daarom kan ons nie die wet, naamlik YHVH se onderrig en instruksies (Torah), volgens ons eie siening en mensgemaakte siening verklaar of dit verander nie. Ons kan nie besluit oor wat rein en onrein of wat heilige en onheilig of wat reg en verkeerd is nie. Nee, Torah is ons verwysing en Yeshua Messias ons voorbeeld, terwyl die Afgesonderde Gees ons leer en lei.

VOEDSEL VIR DIE TABERNAKEL

1. Na die voorskrifte aangaande die verskillende offers en die wyding van die priesters (Lev.1:1 tot 9:24) het YHVH die voorskrifte gegee van watter diere as voedsel vir die mens geskik is (Lev. 11:1 tot 47). Hierdie voorskrifte is deel van die verbond en dus een van die vereistes om as ‘n koninklike priesterdom aan Hom toegewy en afgesonder (heilig en uitgekies) te wees (Ex. 19:5 en 6; 1 Pet.2:9). Dit vereis dat ons YHVH met ons hele wese, naamlik gees, siel en liggaam moet liefhê en dien. Dit gaan dus oor ‘n hartsgesindheid, naamlik ‘n besnede hart wat begeer om aan al YHVH se onderrig en instruksies gehoorsaam te wees. Ons moet dit hoor, dit bewaar (ter harte neem) en dit doen!

2. Hierdie verbond van die wet, waarvan die voedselvoorskrifte deel is, was gemaak met YHVH se volk wat by die berg Sinai teenwoordig was, asook met die wat deur die eeue deel daarvan sou word.

En nie met julle alleen maak ek hierdie verbond en hierdie eedswering nie, maar met die wat vandag hier saam met ons voor die aangesig van YHVH onse God staan, én met die wat hier vandag nie saam met ons is nie. Deut.29:14 en 15

3. Elke gelowige in Yeshua Messias het saam met die by Sinai die woorde van die boek van die verbond gehoor en saam geantwoord: *Alles wat YHVH gespreek het, sal ons doen en daarna luister* (Ex. 24:3 en 7). Ons wat voorheen vervreemd van die burgerskap van Israel was en vreemdelinge van die verbonde van die belofte het deur die kosbare bloed

van Yeshua Messias medeburgers van die heiliges en huisgenote van YHVH ons Vader geword (Ef. 2:12, 13 en 19).

4. Met die sluit van die nuwe (hernude) verbond het Yeshua Messias met sy eie bloed die hemelse tabernakel ingegaan en vergifnis bewerkstellig vir elkeen wat in Hom glo (Heb. 9:11 en 12). Deur geloof in Yeshua word elkeen nou 'n tabernakel waarin YHVH deur Sy Gees in kom woon.

5. Hierdie tabernakel (tempel) moet onderhou word sodat dit 'n geskikte woonplek vir die Afgesonderede Gees kan wees. Ons, en derhalwe die tempel, behoort nie aan onsself nie (1 Kor. 6:17) en mag nie geskend word nie (1 Kor. 3:16 en 17). YHVH begeer 'n plek waarin hy kan woon (Jes. 66:1) en deur Yeshua se kruisdood het YHVH die mens as Sy tempel gekies. Dit beteken dat dit onderhou moet word volgens YHVH se voorskrifte en dat die protokol van hoe elkeen deur gedagtes, woorde en dade in hierdie tempel optree, en hoe dit aan die wêreld vertoon word, ook deur YHVH bepaal word. Ons moet ons liggame stel as 'n lewende, afgesonderde en aan God welgevallige offer (Rom. 12:1). Die onderrig en instruksies hiervoor is in Torah opgeskryf.

6. Daar is nie meer 'n aardse tempel waar geoffer word nie, maar as die tempel van die Afgesonderde Gees bring ons steeds offers. Daar is die offers van weldadigheid en mededeelsaamheid (Heb.13:16), die geestelike offers van gehoorsaamheid wat aan YHVH welgevallig is deur Yeshua Messias (1 Pet. 2:5) en die voortdurende lofoffers aan YHVH wat die vrug van die lippe is van die wat Sy Naam bely (Heb. 13:15).

7. Sal ons willens en wetens ons liggame dan diensbaar maak aan die ongehoorsaamheid en sonde? Sal ons vrywillig toelaat dat ons gees, siel en liggaam besoedel word met die onreine en onheilige? Sal ons dan eet van die onrein diere? Nee, want ons moet in en deur ons liggame (siel en dade) geestelike offers bring wat aan YHVH welgevallig is! Hy het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking (1 Thess. 4:7). Om van die onrein diere wat in Levitikus 11 genoem word te eet, maak die mens onrein!! Onreinheid is een van die werke van die vlees wat Paulus in Gal. 5:19 tot 21 lys wat tot gevolg het dat diegene wat dit doen (daaraan skuldig is) die Koninkryk van God nie sal beërwe nie.

   *En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, **onreinheid**, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.*

8. Om ons af te sonder weg van die onreine, onheilige en verkeerde is hoe ons ons tempels versorg en instandhou. Dit is die weg van heiligmaking om ons liggame 'n geskikte woonplek vir die Afgesonderde Gees te maak.

Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam; Ef. 5:3

Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, Kol. 3:5

9. As ons Yeshua Messias waarlik liefhet, sal ons Sy Woorde (Torah) bewaar (hoor, bewaar en doen) en dan sal Vader-God ons liefhê en sal Hy en Yeshua by ons kom woning maak (Joh. 14:23). Gehoorsaamheid aan al die onderrig en instruksies van YHVH is die lewenspad van die geregverdigde.

10. Die ongehoorsaamheid van Israel het gelei tot die vernietiging van die eerste twee tempels. Ongehoorsaamheid aan Torah kan ook die vernietiging van jou tempel (liggaam) tot gevolg hê. Redding is deur geloof en die seëninge is deur gehoorsaamheid.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Ons het elkeen die keuse: Ons kan eet van die Boom van die Lewe of die boom van kennis van goed en kwaad. Die vrug wat jy dra, sal wees volgens die boom waarvan jy eet. Die wat aan Yeshua Messias behoort, het egter die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig (Gal. 5:24). Is die eet van onrein diere dan nie om toe te gee aan die hartstogte en begeerlikhede van die vlees (sintuie) nie?

Hiermee kom ons aan die einde van ons Skriftestudie oor YHVH se voedselvoorskrifte. Mag dit bydra tot die vermeerdering van genade en kennis van Hom wat ons geroep het. Aan YHVH Yeshua kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid (2 Pet. 3:18).

Shalom.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info